

Christine Barkhuizen-Le Roux oorlede

19-11-2020

Protea Boekhuis het met leedwese verneem van die skrywer, digter en vertaler Christine Barkhuizen-Le Roux se afsterwe op Woensdag 18 November, dieselfde dag waarop sy 61 geword het.

Kristèl de Weerd, Protea Boekhuis-redakteur, sê dit was 'n voorreg om saam met Christine te kon werk aan haar vertaling van "Kom hier dat ik uw kus" deur Griet Op de Beeck. "Ek sal Christine onthou as iemand wat haar siel in haar werk gestort het."



Cornelia Christina Barkhuizen is op Vryburg gebore, maar die gesin het tussen 1954 en 1980 rondgetrek terwyl haar pa aan padbouprojekte gewerk het. Op Steynsburg het haar sub B-juffrou 'n leesgierigheid in haar aangewakker.

In 1980 behaal sy 'n B.A.-graad aan die Universiteit Stellenbosch met hoofvakke Bybelkunde, Sielkunde en Engels, waarna sy ook 'n Hoër Onderwysdiploma verwerf. Christine het tot 1983 op Vredendal en toe Robertson skoolgehou, waarna sy met die boer Bertus le Roux getrou het. Drie kinders is uit die huwelik gebore: Joané, Albert en Carli.

Sedert 2001 het sy verder aan die Universiteit van Wes-Kaapland studeer en in 2002 'n B.A. Honneurs-graad met lof en in 2005 'n M.A.-graad met lof in Nederlandse poësie behaal. Vanaf 2006 was sy aan die Universiteit van Kaapstad (UK) onder leiding van prof. Etienne van Heerden besig met 'n roman vir haar meestersgraad, wat sy ook met lof geslaag het. "Padmaker" is in 2010 gepubliseer.

In 2007 was sy 'n aanbieder van die ATKV-skryfskool, terwyl sy ook gereeld van haar verse by Versindaba en Woordfees op Stellenbosch voorgelees het en deel van paneelbesprekings by die Cape Town Book Fair was. Christine het in 2009 op 'n digkunsfees in België opgetree.

Uit haar pen het onder andere verskyn die digbundels "Dimensie", "Roset" en "Skynskadu", die kortverhaalbundels "Waar koek en wyn ontbreek" en "Wat die oog gesien het", en die romans "Getuie" en "My naam is Prins, ek slaap met die lig aan".